"Hoe skokkender kuns deesdae is, hoe beter. Daarom is dit juis vir my lekker om in mý kuns die goeie te kan uitbeeld."

Só sê **Chrislie Dreyer (19),** 'n onderwysstudent by die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (CPUT) op Wellington, terwyl sy haar kunswerke aan my wys.

Blinkoog en borrelend vertel sy hoe sy aan die begin van die jaar as groepleier na 'n belydenisklaskamp genooi is, en hoe sy daar haar inspirasie gekry het om geloof in kuns uit te beeld.

"Die kamp se tema was 'vernuwing' – en 'n spreker wat haar meestersgraad oor geloofkuns gedoen het, het daar iets in my wakker gemaak."

Laataand-psalms

Ds Lettie Büchner, predikant by die NG Moedergemeente op Wellington, het Chrislie se talent raakgesien en haar gevra om weekliks geloofsinspirasie vir die belydenisklas in dié gemeente te skep.

Die gevolg? Kunswerke wat elke keer 'n ander Bybelse psalm visueel uitbeeld. Chrislie se mees onlangse kunswerk beeld 'n psalm uit wat haar ma, Mariëtte, vir haar sussie, Johanni, gelees het op dié se verjaarsdag – Psalm 16. "Dit is só spesiaal," vertel Chrislie. "My ma lees by elke verjaarsdag vir ons die psalm wat met ons ouderdom ooreenstem."

Chrislie vertel dat die kreatiewe proses vir haar psalm-kunswerke meestal laataande plaasvind, nadat die werk vir haar studies afgehandel is.

"Ek lees eers die psalm, en dan bid ek daaroor. Ek bid ook vir die kinders in die belydenisklas. Daarna highlight ek die verse wat vir my uitstaan. Ek blaai ook deur tydskrifte vir moontlike idees.

"Hierdie laataand-sessies bring my nader aan God."

Die Groot Kunstenaar

Net voordat ons groet, neurie sy vir my een van haar gunstelingliedjies – *God se kunskafee* van Laurika Rauch.

"Die liedjie vertel hoe God alles as kunswerke vir óns geskep het. Daarom is dit vir my lekker om 'n verbintenis met die Groot Kunstenaar te hê wanneer ek iets skep."

'n Uittreksel uit *God se kunskafee*

En soos ek loop deur God se kunskafee
voel ek meer geseënd met elke tree.
Want met koffie en 'n verfkwas
sit Hy heeldag daar en dink
hoe om sy vreugde na my te bring ...

Ontvang 'n laat Kersgeskenk!

Hermien van der Merwe, Ingrid Hall en ***Chrislie Dreyer*** skep elkeen 'n unieke kunswerk – met hulle gunsteling-Bybelvers vir die Feesseisoen as inspirasie. Drie *LiG*-lesers kan elk een van die kunswerke wen.

Stuur die volgende SMS na 45509: LIG • **Geloofskuns,** en in hakies jou gekose kunstenaar se naam • jou naam, van en adres. 'n SMS kos R1,50. Jy kan ook per e-pos inskryf. Stuur jou naam, adres en telefoonnommer aan ligwedstryd@lig.co.za – en merk die onderwerplyn: **Geloofskuns,** en in hakies jou gekose kunstenaar se naam. Sluitingsdatum: 25 Januarie 2015.

Elke kunstenaar het vir ons 'n unieke kunswerk geskep! Chrislie het haar kunswerk (hierbo), met Psalm 23 as inspirasie, in agt plekmatjies vir die Kerstafel omskep. Hermien se kunswerk, Koningskind (regs bo), het Johannes 3:16 as inspirasie gebruik om hierdie werk met houtskool, grafiet, pastel en pen-en-ink te skep. Ingrid het 'n spesiale gedig geskryf, van hoe sy die Feestyd ervaar, wat op 'n kunsblokkie (regs onder) pryk.

KONTAK DIE KUNSTENAARS: **Hermien van der Merwe:** www.hermienart.co.za; hermien04@telkomsa.net • **Ingrid Hall:** ingridhallart@gmail.com; www.facebook.com/ingridhallart • **Chrislie Dreyer:** chrisliedreyer@yahoo.com